VERENIGING VIR TUISONDERWYS
CURAMUS
ASSOCIATION FOR HOME SCHOOLING

Arend Str. 6
Amandelsig
Kuilsrivier, 7580

epos / email : *contact@sahomeschoolers.org*
Tel : 082 907 9696

Notule van die AJV van 2009

Die laaste twee vergaderings is saam met die Tuisonderwys Expo in Centurion gehou. Hierdie jaar word die AJV egter oor die Internet gehou. Die redes waarom die AJV hierdie jaar oor die Internet gehou word, is die volgende:

1. Daar is hierdie jaar geen Tuisonderwys Expo in Centurion nie.
2. Daar is reeds tydens die AJV van 2007 voorgestel dat die AJV oor die Internet gehou word, om dit moontlik te maak dat meer mense kan deelneem.
3. Die voorsitter het na Kaapstad verhuis.

Die wyse waarop lede die AJV bygewoon het, is soos volg:

1. Ouers wat tuisonderwys gee word lid van die Vereniging vir Tuisonderwys deur gratis en aanlyn te registreer op die VTO se webtuiste by www.tuisskolers.org of www.sahomeschoolers.org .
2. ‘n Boodskap word aan al die lede van die VTO wat geregistreer het gestuur, waarin die instruksies gegee word hoe om aan te sluit by die Google groep wat spesiaal vir die AJV geskep is. Die adres van die groep is ajv2009@googlegroups.com .
3. Die AJV word dan op die Google groep gehou.

Daar was 22 lede wat aangesluit het by die Google groep en die AJV meegemaak het.

1. Opening

Die vergadering is ge-open deur almal te verwelkom en die redes te verduidelik waarom die AJV hierdie jaar op die Internet gehou word.

2. Vasstelling van die agenda

Die agenda is verkort en soos volg vasgestel:

1. Opening
2. Vasstelling van die agenda
3. Notule van die AJV van 2008
4. Finansiële verslag
5. Voorsittersverslag
6. Verkiesing van Bestuur
7. Afsluiting

3. Notule van die AJV 2008

Die notule is versprei aan al die deelnemers van die AJV. Daar is voorgestel dat die notule goedgekeur word en die voorstel is geskondeer. Dit sal gepubliseer word op die vereniging se webtuiste.

4. Finansiële Verslag

Die finansiële verslag is versprei aan al die deelnemers van die AJV. Daar is ook ‘n verduideliking gegee oor waar die fondse van die VTO vandaan kom noudat nie meer ledegelde gevra word nie.

Daar is voorgestel dat die finansiële verslag goedgekeur word en die voorstel is geskondeer. Dit sal nie gepubliseer word op die vereniging se webtuiste nie.

5. Voorsitter verslag

Die voorsitter verslag is versprei aan al die deelnemers van die AJV. Daar is ‘n aparte verslag versprei oor die aktiwiteite wat Lorainne van Dyk in haar hoedanigheid van addisionele lid van die bestuur uitgevoer het.

6. Verkiesing van bestuur

Op die vorige AJV was Lorainne van Dyk aangestel as ’n addisionele bestuurslid met die spesiale taak om toegang tot kultuuraktiwiteite vir tuisskolers te bevorder. Sy is van mening dat dit van nut sal wees vir die bevordering van tuisonderwys as sy kan voortgaan as addisionele lid van die bestuur.

Die bestuur is verkies deur kanidate te nomineer en te sekondeer op die Google groep. Niel Bester het aangedui dat hy nie beskikbaar is vir herverkiesing nie. Verder was al die bestaande bestuurslede beskikbaar vir herverkiesing.

Nominasies is gemaak vir die bestuur vir 2010 en al die nominasies is gesekondeer. Die name van nomineerders en sekondante word in die tabel hieronder gegee.

Posisie	**Bestuurslid**	**Nominasie**	**Sekondant**
Voorsitter	Bouwe van der Eems	Shaun Green	Karin van Oostrum
Sekretaris	Francois van Deventer	Bouwe van der Eems	Karin van Oostrum
Tesourier	Shaun Green	Karin van Oostrum	Lorainne van Dyk
Addisionele lid	Lorainne van Dyk	Bouwe van der Eems	Karin van Oostrum

7. Afsluiting

Tydens die afsluiting is die gedagte bespreek dat die VTO registreer by "*MySchool*" as 'n opvoedkundige instansie, om hierdeur 'n ekstra inkomste te genereer.

Volgende AJV sal DV in die eerste kwartaal van 2010 gehou word. Weereens op die Internet.



_____

Voorsitter

31 Julie 2009